
# ONDER DIE POSKLIP




## DIE 1992 KAAPSE VRAESTEL

'n Positiewe woord en 'n verbasing.

*Dries van Wyk*
*Hoërskool Stellenbosch*

Daar is waarskynlik geen manier waarop 'n leerling in standerd 10 die eksterne eksamen kan vermy nie. Die pad wat geloop moet word, is onvermydelik. Evaluering is per slot van sake 'n onlosmaaklike deel van die onderrigleergebeure en is dit noodsaaklik dat daar 'n waarde-oordeel oor 'n kandidaat se prestasie gefel moet word om te bepaal of die doelstellings van 'n vak bereik is. Ondanks die baie tyd wat aan evaluering afgestaan word deur middel van studiegroepe, gesprekke, opleidingseminare en voortdurende kontak met ander onderwysers, bly die eksterne eksamen, veral in die vak Geskiedenis, 'n knaende ongemaklikheid. Indien die eksterne eksamen vir die onderwyser 'n probleem is, is oplossings oënskynlik nie eenvoudig nie.

Indien 'n geskiedenisvraestel evalueer word, moet daar kriteria wees waarvolgens te werk gegaan kan word. Die vereistes wat gestel word aan 'n vraestel word kortliks saamgevat in die volgende:

1. Die vraestel moet verteenwoordigend wees van die hele sillabus.
2. Die instruksies moet duidelik wees.
3. Die vraestel moet geldig wees, d.w.s. dit moet meet wat dit veronderstel is om te meet.
4. Die formulering van die vrae moet duidelik wees.
5. Die vraestel moet evalueer wat relevant is d.w.s. die klem moet op dit wat vormingswaarde vir die kind het, val.
6. Die vraestel moet betroubaar wees, wat betekenisvolle toetsresultate impliseer.
7. Daar moet rekening gehou word met die voorskrifte soos vervat in die sillabus.

Indien bogenoemde kriteria as maatstaf dien en die 1992 KOD Geskiedenis hoër graad vraestel krities beoordeel word, voldoen die vraestel in 'n groot mate aan die kriteria.

Die vraestel het evalueer wat geëvalueer moes word. Die voorskrifte was, soos in die verlede, duidelik en met die formulering van die vrae word daar oor die algemeen nie fout gevind nie. Die voorskrifte soos vervat in die sillabus en wat as rigtingwyser dien vir die onderwyser is gevolg. Die uittreksel (vraag 5.4 S.A.-geskiedenis) was relevant en het op die hoër kognitiewe vlak getoets. Die vraag het gelui: "Jy was lid van die MK-bevel. Verduidelik in een sin waarom julle besluit het om julle strategie so te verander

(vraag 5.4 S.A.-geskiedenis) was relevant en het op die hoër kognitiewe vlak getoets. Die vraag het gelui: "Jy was lid van die MK-bevel. Verduidelik in een sin waarom julle besluit het om julle strategie so te verander dat dit ook gewelddadige metodes insluit." Die kritiek dat daar deur die eksaminator te veel in 'n spotprent gelees word, is in die geval van die 1992-vraestel nie geldig nie.

Soos die kortervrae kan daar nie werklik met die formulering van die opsteltipe-vrae substantiële fout gevind word nie. Watter inhoude in die eksamineerder se memorandum opgeneem is, is moontlike probleme wat nie hier aangespreek word nie, omdat die memorandum nie bestudeer is nie.

Vraag 6 (eerste alternatief) lui: "Gedurende Smuts se tweede termyn as eerste minister het daar 'n oplewing gekom ten opsigte van die politieke bewussyn van die nie-blanke groepe in S.A." Lewer kommentaar op hierdie stelling en verwys ook kortliks na die maatreëls wat die VP gedurende hierdie periode getref het om die politieke aspirasies van hierdie groepe te akkommodeer. Die vraag laat 'n onsekerheid ontstaan of 'n deeglike memorandum uit beskikbare bronne, soos die handboeke wat gebruik word, opgestel kon word. Die kritiek word soms geopper dat die opsteltipe vrae in 'n groot mate op die laer kognitiewe vlak toets. Die eksamineerder slaag daarin om kritiese redeneervermoë en die vermoë om verband te lê, te toets. Vergelyk in dié opsig vraag 6 (eerste alternatief) en vraag 7 (tweede alternatief). Laasgenoemde vraag lui: "Die verhaal van SWA het finaal tot 'n einde gekom met die totstandkoming van die onafhanklike staat Namibië op 21 Maart 1990. Dit is die verhaal van gedurige konflik en wantroue tussen SA en die Verenigde Nasies (VVO)." Gee 'n oorsig van hierdie gebeure vanaf die bewindsaanvaarding van dr. Malan in 1948 tot aan die einde van 1970.

Dit het 'n mode geword om die eksterne eksamen te blameer vir mislukkings. Die eksamen bly tog 'n voorbeeld van die onderwyser se eie evaluering wat op die ou einde meer gebreke mag hê as die vraestel aan die einde van die jaar. Daar is dus nie beswaar ten opsigte van die 1992-vraestel nie. Tot en met die skryf van die eksterne vraestel het die onderwyser en die leerling egter nie probleme nie en is daar onder normale omstandighede met oorgawe gewerk om 'n arsenaal feite gestoor te kry om weer te gee in eksamenomstandighede. Nadat die antwoordstel egter nagesien is en simbole toegeken is, is daar verbasing oor die relatiewe swak vergelyking van dieselfde leerling se geskiedenispunte teenoor ander vakpunte. Waar lê die probleem? Dit is 'n saak wat meer indringende aandag verdien.